

DW KRÜGER AS SKRYWER VAN EIETDSE GESKIEDENIS

P de Klerk*

Summary

*DW Krüger (1906-1981) was a professional historian who published books in both English and Afrikaans. His publications include surveys of twentieth century South African history of which **The making of a nation** is the most comprehensive. These surveys were used as university textbooks during the 1960s and '70s. The article compares Krüger's overview of the period 1939-1961 with more recent surveys of the same period. Krüger's chapters on the Second World War and the implementation of the policy of apartheid are especially examined. It is concluded that Krüger's texts are strongly white centric and have several defects. Nevertheless he largely succeeds in giving a clear and balanced interpretation of major political developments of his own time. His books should still be regarded as valuable additional texts for studying twentieth century South African history.*

1. INLEIDING

Daar het 'n groot aantal wetenskaplike werke uit die pen van die historikus DW Krüger verskyn en die meeste Suid-Afrikaanse geskiedkundiges sal waarskynlik saamstem dat hy 'n belangrike bydrae tot die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing gelewer het. Terwyl die werke van ander vername Afrikaanse historici, soos GS Preller, PJ van der Merwe, GD Scholtz en FA van Jaarsveld reeds in verskeie historiografiese geskrifte geëvalueer is,¹ is daar feitlik nog geen aandag aan Krüger gegee nie. Met hierdie artikel word gepoog om enkele fasette van Krüger se werk van nader te bekyk en die betekenis daarvan te bepaal. Daar word veral gepoog om die belangrikheid van sy bydrae tot die beskrywing en interpretasie van eietydse Suid-Afrikaanse geskiedenis na vore te bring.

* Vakgroep Geskiedenis, PU vir CHO (Vaaldriehoekkampus).

¹ K Smith gee in sy **The changing past; trends in South African historical writing** (Johannesburg, 1988), heelwat aandag aan hierdie vier skrywers. Oor Preller het daar verskeie artikels verskyn, waarvan sommige gebundel is in BJ Liebeberg se **Opstelle oor die Suid-Afrikaanse historiografie** (Pretoria, 1975). 'n Opstel oor Scholtz is gepubliseer in FA van Jaarsveld, **Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle** (Kaapstad, 1979), pp. 90-121 en een oor Van der Merwe in FA van Jaarsveld, **Wie en wat is die Afrikaner?** (Kaapstad, 1981), p. 129-75.

Tot in die sestigerjare vandie vorige eeu is daar op skool en universiteit weinig aandag aan twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis gegee.² In die vernaamste Engelstalige oorsigswerk oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis van die vyftiger- en sestigerjare, naamlik dié van Eric Walker,³ word die geskiedenis wel tot 1955 deurgetrek, maar in die enigste uitgebreide Afrikaanse oorsigsgeskiedenis wat in daardie jare bestaan het, die werk van Van der Walt, Wiid en Geyer,⁴ word daar nie verder gegaan as 1939 nie. Krüger het in die vyftiger- en sestigerjare verskeie publikasies, in Afrikaans en Engels, gelewer, wat 'n oorsig van die twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis bied en die laastes daarvan handel oor die hele periode tot 1961. Hierdie werke is veral in die sestiger- en sewentigerjare as handboeke aan sowel Afrikaans- as Engelstalige universiteite gebruik.⁵ Hoewel Krüger ten opsigte van die hele periode na 1910 'n nuwe bydrae gelewer het, word in hierdie artikel gefokus op Krüger se behandeling van die periode 1939-1961, aangesien dit sonder twyfel vir Krüger eietydse of "selfdeurleefde"⁶ geskiedenis was. Tans, veertig tot sestig jaar later, het ons 'n heelwat breër perspektief op hierdiegebeure en in die lig daarvan kan nagegaan word in hoeverre Krüger daarin geslaag het om 'n ewewigtige beeld van hierdie periode te gee. Sodoende kan dan onder meer vasgestel word of Krüger een van die vernaamste probleme in die skryf van eietydse geskiedenis kon oorkom, naamlik dat die skrywer "so ineengewef is in die huidige verhoudinge dat hy nie sonder hartstog ... sal kan oordeel nie en dat sy werk in die belang van die een of ander groep propagandisties kan word".⁷

In die artikel word eers 'n beknopte oorsig oor Krüger se loopbaan en publikasies gegee en die geskiedbeskouing wat hy in sy werke probeer toepas het, kortliks bespreek. Daarna word sy behandeling van die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die periode 1939-1961 onder die loep geneem. Daar word eers gelet op die algemene kernmerke van sy geskiedskrywing en daarna word sy behandeling van bepaalde gebeure en ontwikkelinge in hierdie periode van nader bekyk. Ten slotte word enkele gevolgtrekkings ten opsigte van Krüger se bydrae tot die geskiedskrywing, en in besonder die beskrywing en interpretasie van eietydse geskiedenis, gemaak.

² FA van Jaarsveld, "Eietydse geskiedenis", *Standpunte* 19(3), Februarie 1966, p. 4.

³ EA Walker, *A history of Southern Africa* (Londen, 1957). Die boek het verskeie herdrukke beleef, maar sonder om die tydperk na 1955 by te werk. Volgens Smith, pp. 129 en 218, is Walker se werk tot in die sestigerjare as feitlik die enigste Engelstalige standaardwerk oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis gebruik.

⁴ AJH van der Walt, JA Wiid en AL Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, 1951, twee volumes).

⁵ Vgl. Smith, p. 218. Dit blyk ook uit Krüger se korrespondensie met sy uitgewers. Sien PU vir CHO, Puk-argief, DW Krügerversameling.

⁶ Van Jaarsveld, "Eietydse geskiedenis", p. 4.

⁷ *Ibid.*, p. 3. Daar is heelwat oor die probleme by die beoefening van eietydse geskiedenis geskryf. Twee belangrike artikels in Afrikaans oor hierdie kwessie is die genoemde artikel van Van Jaarsveld en MCE van Schoor, "n Pleidooi vir kontemporêre geskiedenis", *Suid-Afrikaanse historiese joernaal* 1, November 1969, pp. 81-100.

2. LOOPBAAN EN PUBLIKASIES

Daniël Wilhelmus Krüger (1906-1981) is op Steynsburg gebore en het in 1927 die BA-graad aan die Potchefstroomse Universiteitskollege (PUK) behaal. Hy het daarna sy MA-verhandeling (1931) en proefskrif (1937) onder leiding van professor AJH van der Walt voltooi. Hy het in 1935 'n tyd lank in Duitsland gestudeer en in die jare daarna verskeie navorsingsbesoeke aan Europa en die Verenigde State van Amerika gebring. Hy was van 1931 tot 1937 werksaam by die Transvaalse Argiefbewaarplek in Pretoria en het daarna as senior lektor in Geskiedenis in diens van die PUK getree. In 1945 is hy tot professor bevorder en in 1946 het hy Van der Walt as hoof van die departement Geskiedenis opgevolg. Gedurende 1962-1963 was hy besoekende professor aan die State University of New York. Na sy aftrede in 1966 was hy eers drie jaar lank buitengewone professor aan die Universiteit van Suid-Afrika en daarna, van 1971 tot 1973, redakteur van die **Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek**. Hy het nog tot in 1977 as tydelike dosent aan die universiteite van Fort Hare en die Transkei opgetree.⁸

Terwyl Krüger werksaam was by die Transvaalse Argiefbewaarplek, was hy as mederedakteur verantwoordelik vir die publikasie van die Voortrekkerargiefstukke⁹ en kort daarna, in 1938, het sy proefskrif, 'n uitgebreide werk oor die pogings van die Voortrekkers en Transvaalse Boere om 'n deurgang na die see te verkry, in druk verskyn.¹⁰ Sy eerste oorsigswerk oor die twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis is in 1953, met PJ Cillié as medeskrywer, gepubliseer. Dit was die vyfde deel van 'n populêr-wetenskaplike reeks oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis waarvan hy ook een van die redakteurs was.¹¹ Die werk is in 1958 opgevolg met **The age of the generals**,¹² waarin hy vir die eerste keer in Engels, en meer omvattend as in sy vorige werk, die tydperk van 1910 tot 1948 in die Suid-Afrikaanse geskiedenis behandel. 'n Bronnepublikasie oor Suid-Afrikaanse politieke partye en hul beleidsmanifeste, wat deur Krüger versorg is, is in 1960 gepubliseer.¹³ Hierdie

⁸ PF van der Schijff (red.), **D.W. Krüger gedenkpublikasie; 'n seleksie uit die "Verspreide Geskrifte" van prof. dr. Daniël Wilhelmus Krüger** (Potchefstroom, 1981), pp. 5-6.

⁹ HS Pretorius en DW Krüger (reds.), **Voortrekker-argiefstukke, 1829-1849** (Pretoria, 1937).

¹⁰ DW Krüger, "Die weg na die see, of die Ooskus in die Boere-beleid voor 1877 met besondere verwysing na die verhouding met die Portugese", **Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis** 1(1), 1938, pp. 34-232.

¹¹ DW Krüger en PJ Cillié, **Die Unie van Suid-Afrika** (Kaapstad, 1953); die vyfde en laaste volume van AJ Böeseken, DW Krüger en A Kieser (reds.), **Drie eeue; die verhaal van ons vaderland** (Kaapstad, 1952-1953).

¹² DW Krüger, **The age of the generals; a short political history of the Union of South Africa, 1910-1948** (s.l., 1958).

¹³ DW Krüger (red.), **South African parties and policies, 1910-1960; a select source book** (Kaapstad, 1960).

werk is gevolg deur 'n tweedelige biografie (in Afrikaans) van Paul Kruger.¹⁴ In 1964 het Krüger se hersiene uitgawe van Van der Walt, Wiid en Geyer se oorsigsgeskiedenis verskyn.¹⁵ Dit bevat 'n nuwe oorsig oor die tydperk van 1902-1961, wat deur Krüger self geskryf is. Vyf jaar later hy **The making of a nation**,¹⁶ 'n hersiene uitgawe van **The age of the generals**, waarin die geskiedenis nou ook tot 1961 deurgetrek word, gepubliseer. In die sewentigerjare het hy 'n boek oor die Britse openbare mening tydens die Anglo-Boere-oorlog asook 'n werk oor die Krugermiljoene geskryf.¹⁷

Naas bogenoemde wetenskaplike studies in boekvorm het Krüger 'n hele aantal korter bydraes in wetenskaplike versamelwerke, veral in die **Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek**,¹⁸ gelewer, asook 'n groot aantal artikels oor 'n wye verskeidenheid historiese onderwerpe in populêre en vaktyskrifte.¹⁹

Krüger het benewens sy historiese publikasies ook verskeie jare lank 'n rubriek met kommentaar op sake van die dag in die tydskrif **Koers** gepubliseer.²⁰ Hy het nie aktief by die politiek betrokke geraak nie, maar in die laat vyftigerjare saam met twee universiteitskollegas in enkele koerantartikels kritiek op die apartheidsbeleid gelewer. Die artikels het groot opslae gemaak en hom selfs in botsing met die owerhede van die PU vir CHO gebring.²¹

3. GESKIEDBESKOUIING

In die voorwoord tot sy proefskrif verklaar Krüger dat hy streef na 'n eie Afrikaanse geskiedbeskouing, en verduidelik dat hy daarmee bedoel dat hy veral die geskiedenis van die Afrikaanse volk en van Suid-Afrika, wat in die Engelstalige werke van daardie jare dikwels behandel is as deel van die geskiedenis van die Britse Ryk,

¹⁴ DW Krüger, **Paul Kruger** (Johannesburg, 1961-1963, 2 volumes).

¹⁵ AJH van der Walt, JA Wiid en AL Geyer (reds.). **Geskiedenis van Suid-Afrika** (Kaapstad, 1964, tweede uitgawe, verwerk en bygewerk deur DW Krüger). In 1977 het daar 'n derde uitgawe van hierdie werk verskyn. Dit is egter slegs 'n herdruk van die 1964-uitgawe met byvoeging van 'n hoofstuk oor die periode 1961-1976 wat nie deur Krüger nie, maar deur JJJ Scholtz geskryf is.

¹⁶ DW Krüger, **The making of a nation; a history of the Union of South Africa, 1919-1961** (Johannesburg, 1969). Die boek is verskeie kere herdruk. Die sewende en laaste druk het in 1978 verskyn.

¹⁷ DW Krüger, **Die ander oorlog: die stryd om die openbare mening in Engeland gedurende die Tweede Vryheidsoorlog** (Kaapstad, 1974); DW Krüger, **Die Krugermiljoene** (Johannesburg, 1979).

¹⁸ **Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek** is in vyf dele gedurende 1968-1987 in Kaapstad gepubliseer met, agtereenvolgens, WJ de Kock, DW Krüger en CJ Beyers as redakteurs.

¹⁹ 'n Aantal van hierdie artikels is deur Krüger self gebundel onder die titel "Verspreide geskrifte". Daar is altesaam sewe bundels wat tans bewaar word in die Puk-argief van die PU vir CHO.

²⁰ Hierdie rubriek, "Die wêreld en ons", het van 1945 tot 1950 in **Koers** verskyn.

²¹ Vgl. CJ Coetzee, "Luthuli for president or 'die professorale rebellie' of 1959 at the PUK", **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** 21(1), Junie 1996, pp. 136-54.

behoorlik tot sy reg wil laat kom.²² Uit sy intreerede van 1946 blyk dit dat hy sterk daarvan bewus is dat mense se beskouing van die geskiedenis beïnvloed word deur omstandighede en gebeure in hul eie tyd.²³ Hy wys onder meer daarop dat die sestiede-eeuse Kerkhervorming daartoe gelei het dat die Middeleeue vir 'n lang tyd in 'n baie negatiewe lig beskou is en dat die Nasionaal-Sosialistiese ideologie van die dertigerjare die Duitse geskiedbeoefening ingrypend beïnvloed het. Van die historikus word verwag om die rigting, breedte, diepte en temo van die "stroom van die wêreldgeskiedenis" te bepaal, maar hy word self deur die stroom nêegesleur. Hy dui aan dat hy self 'n Christelike beskouing van die geskiedenis huldig. Volgens hierdie beskouing kan 'n mens die wêreldgeskiedenis sien as 'n simfonie waarvan ons net bepaalde individuele instrumente hoor, en "niemand verstaan die harmonie van die geheel nie, behalwe die ewige komponis self".²⁴ Daarom kan aanvaar word dat die wêreldgeskiedenis, wat skynbaar planloos is, in werklikheid sinvol is. Die geskiedskrywer kan slegs poog om "die verlede in sy volheid te begryp, eerlik en onpartydig in sy taak".²⁵

Vir Krüger het 'n Christelike uitgangspunt dus veral beteken om krities teenoor heersende denkstrominge en ideologieë te bly en so objektief moontlik die verlede te bestudeer. In hierdie opsig toon sy beskouing ook die kenmerke van die Duitse wetenskaplike tradisie waarin hy geskool is en wat teruggaan tot Leopold von Ranke na wie dikwels verwys word as die vader van die wetenskaplike geskiedskrywing.²⁶ Sy leermeester, AJH van der Walt, het gepromoveer onder die bekende Duitse historikus Friedrich Meinecke en Krüger het self na Van der Walt se beskouing verwys as 'n "harmoniese samesmelting van die Christelike en nasionale tradisies van sy huis en omgewing met die Duitse vakwetenskaplike tradisie waarmee hy kennis gemaak het tydens sy verblyf aldaar".²⁷ Soos hieronder sal blyk, het Krüger se uitspraak ten gunste van 'n Afrikaanse geskiedbeskouing dan ook geensins beteken dat hy die Suid-Afrikaanse geskiedenis vanuit 'n eensydig Afrikaans-nasionalistiese standpunt benader het nie.

4. ALGEMENE KENMERKE VAN KRÜGER SE GESKIEDSKRYWING OOR DIE TYDPERK 1939-1961

Soos uit die kort oorsig van Krüger se publikasies hierbo na vore geom het, het hy sowel in Afrikaans as in Engels oor die tydperk 1939-1961 geskryf. Sy eerste werk

²² Krüger, "Die weg na die see, of die Ooskus in die Boere-beleid voor 1877 met besondere verwysing na die verhouding met die Portugese", p. 34.

²³ DW Krüger, "Die relatiewiteit van die geskiedbeskouing", *Koers* 13(5), April 1946, pp. 159-70.

²⁴ *Ibid.*, p. 169.

²⁵ *Ibid.*, p. 170.

²⁶ Vgl. FA van Jaarsveld, *Westerse historiografie en geskiedenisfilosofie* (Pretoria, 1980), p. 6.

²⁷ DW Krüger, "Professor A.J.H. van der Walt - 'n waardering", *Koers*, 23(4), Februarie 1956, pp. 191-2.

oor die twintigste eeu, **Die Unie van Suid-Afrika**, handel net oor die periode tot 1948.²⁸ Soos reeds hierbo aangedui, is hierdie werk meer populêr geskryf as sy latere boeke oor hierdie tydperk en daarin word, anders as in sy latere hoofstukke oor die Tweede Wêreldoorlog, onder meer heelwat aandag gegee aan die algemene verloop van die oorlog in Europa. Vir die doeleindes van hierdie artikel word daarom gekonsentreer op sy latere werke wat nie so spesifiek op 'n populêre mark gerig is as sy boek van 1953 nie.

Krûger se boek van 1958, **The age of the generals**, gee 'n oorsig van die tydperk 1910-1948. Die laaste twee hoofstukke in dieboek, wat handel oor die periode van 1939 tot 1948, is, behalwe vir enkele paragrawe, woordeliks dieselfde as hoofstukke 13 en 14 in sy werk van 1969, **The making of a nation**. Die ses hoofstukke oor die jare 1939 tot 1961 in laasgenoemde boek beslaan altesaam byna 140 bladsye, terwyl die oorsig oor dieselfde periode in sy boek van 1964, **Geskiedenis van Suid-Afrika**, min of meer die helfte korter is.²⁹ Uit 'n vergelyking van die Afrikaanse en Engelse tekste blyk dit dat Krûger soms paragrawe en sinne uit **The age of the generals** in Afrikaans vertaal het vir **Geskiedenis van Suid-Afrika** en daarna weer gedeeltes uit laasgenoemde werk in Engels vertaal het vir **The making of a nation**.

As Krûger se behandeling van die betrokke tydperk in Afrikaans en dié in Engels met mekaar vergelyk word, blyk dit dat daar tog enkele aksentverskille is. In die Afrikaanse weergawe is daar minder direkte kritiek ten opsigte van die Nasionale Party en die apartheidsbeleid as in die twee Engelse werke. Dit blyk reeds uit die hoofstuktitels. Terwyl die laaste hoofstuk in die Afrikaanse handboek lui: "Die triomf van Nasionalisme en die totstandkoming van die Republiek, 1948-1961", het ooreenstemmende hoofstukke in **The making of a nation** titels soos "Stemming the tide, 1948-1961".³⁰ In die slotparagraaf van **The age of the generals** word DF Malan se verkiesingsoorwinning van 1948 bestempel as "the last desperate attempt of Afrikanerdom to stem the rising tide of colour",³¹ 'n stelling wat nie in die Afrikaanse weergawe voorkom nie. Ook vir sy beskrywing van Malan se kabinet as

²⁸ Krûger en Cillié, **Die Unie van Suid-Afrika**. Hoofstuk V, "Nuwe wêreldoorlog bring Smuts aan bewind", pp. 205-52, handel oor die jare 1939-1948. Daar is nog 'n verdere hoofstuk oor die periode 1948-1952, maar dit is geskryf deur Cillié.

²⁹ Van der Walt, Wiid en Geyer, **Geskiedenis van Suid-Afrika** (tweede uitgawe), pp. 545-92, dus 47 bladsye. Daar is egter meer woorde per bladsy in hierdie werk as in **The making of a nation**.

³⁰ DW Krûger, "Die triomf van nasionalisme en die totstandkoming van die republiek, 1948-1961" in Van der Walt, Wiid en Geyer, **Geskiedenis van Suid-Afrika** (tweede uitgawe), p. 560; Krûger, **The making of a nation**, pp. 237, 268, 314. Dit is moontlik dat die uitgewers, en nie Krûger nie, besluit het oor die hoofstuktitels in een of albei boeke. Hieroor kon egter geen gegewens gevind word nie.

³¹ Krûger, **The age of the generals**, p. 226. Hierdie paragraaf kom nie in **The making of a nation** voor nie.

"conservative and reactionary to a man",³² is daar nie 'n Afrikaanse ekwivalent nie. **The making of a nation**, as die meer uitgebreide teks, word in hierdie artikel as basis geneem om Krüger se behandeling van hierdie periode van nader te bekyk, sonder om die verskille tussen Krüger se Afrikaanse en Engelse weergawes van die geskiedenis tussen 1939 en 1961 heeltemal buite rekening te laat.

'n Vergelyking van Krüger se oorsigwerke met die drie vernaamste resente wetenskaplike werke wat 'n oorsig oor hierdie periode bied, naamlik dié van Liebenberg en Spies, Beinart en Davenport en Saunders,³³ toon dat die betrokke gedeelte van **The making of a nation** van byna dieselfde omvang is as die ooreenstemmende hoofstukke in Liebenberg en Spies en dat sy behandeling van die periode onder bespreking heelwat uitgebreider is as dié in die ander twee werke.³⁴

Soos van werke van hierdie aard verwag kan word, is hulle hoofsaaklik op gepubliseerde bronne, en veral op gespesialiseerde studies van ander historici, gebaseer. Krüger verklaar self dat hy slegs van gepubliseerde bronne gebruik gemaak het en dat die bronne in die meeste gevalle in die teks aangedui word.³⁵ Daar is egter maar min voetnote of ander verwysings na bronne in die teks,³⁶ terwyl die bibliografie aan die einde van die boek, soos daar aangedui word, net geselekteerde bronne en in werklikheid slegs boeke deur ander historici asook outobiografiese geskrifte bevat.³⁷ Dit is onwaarskynlik dat Krüger al sy inligting, veral wat die vyftiger- en sestigerjare betref, uit daardie boeke kon verkry het. In die voetnote word soms na gepubliseerde wette en parlementêre debatte verwys, en dit is duidelik uit sy veelvuldige verwysings na toesprake in die parlement dat hy baie op hierdie bronne gesteun het. Hoewel daar nie veel voetnootverwysings na koerante is nie, het hy waarskynlik ook baie op koerantberigte staatgemaak.³⁸ Die latere skrywers het uiteraard veel meer historiese werke tot hul beskikking gehad as Krüger. 'n Vergelyking tussen Krüger se boeke en die resente studies behoort daarom aan te

³² Krüger, **The making of a nation**, p. 238.

³³ BJ Liebenberg en SB Spies (reds.), **South Africa in the 20th century** (Pretoria, 1993); W Beinart, **Twentieth-century South Africa** (Oxford, 1994); R Davenport en C Saunders, **South Africa; a modern history** (Basingstoke, 2000, vyfde uitgawe).

³⁴ Die gedeelte oor die periode 1939-1961 in Liebenberg en Spies beslaan ongeveer 115 bladsye, maar daar is heelwat meer woorde per bladsy as in **The making of a nation**.

³⁵ Krüger, **The making of a nation**, p. 2.

³⁶ Die vroeëre werk, **The age of the generals**, en die twee hoofstukke in Van der Walt, Wiid en Geyer, **Geskiedenis van Suid-Afrika** (tweede uitgawe), bevat geen bronneverwysings nie.

³⁷ **Ibid.**, p. 337. Die praktyk om net 'n bibliografie en weinig of geen bronverwysings in voetnote te verskaf nie, kom algemeen in wetenskaplike oorsigwerke voor, ook in die genoemde resente sintesewerke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

³⁸ Die DW Krügerversameling in die Puk-argief bevat 'n aantal plakboeke met knipsels uit verskeie koerante, wat daarop dui dat Krüger vir baie jare koerantberigte versamel het. O Geyser, in sy boekbespreking van **The making of a nation** in **Tydskrif vir Geesteswetenskappe**, 11(4), Desember 1971, pp. 338-9, sien dit as 'n ernstige leemte dat Krüger nie genoeg koerante en ander bronne gebruik het nie. Hy gee egter geen spesifieke voorbeelde waar deegliker bronnegebruik tot 'n vollediger behandeling of beter interpretasie kon gelei het nie.

toon of die feit dat hy nie baie van gespesialiseerde wetenskaplike werke gebruik kon maak nie sy behandeling van besondere gebeure en ontwikkelinge nadelig beïnvloed het.

Krüger se indeling van die betrokke periode in hoofstukke en afdelings toon 'n sterker kronologiese inslag as dié van die ander skrywers. Die ses hoofstukke in **The making of a nation** wat hier ter sake is, handel elk oor 'n spesifieke tydperk, soos in die hoofstuktutels aangedui.³⁹ Daar is geen verdere indeling in onderafdelings nie.⁴⁰ Daarteenoor is daar in die drie resente werke 'n breë kronologiese hoofstukindeling, maar word die hoofstukke verder veral tematies ingedeel. Krüger se hele aanbieding is dus sterk kronologies van aard; hy behandel byna deurgaans die een gebeurtenis na die ander in kronologiese volorde. Hy trek tog telkens verbande tussen die gebeure wat hy bespreek, sodat elke hoofstuk lees soos 'n samehangende verhaal. Sy werk onttaard nooit in 'n blote kroniek van datums en feite nie. Krüger se lewendige en boeiende skryfstyl dra verder daartoe by dat sy behandeling van opeenvolgende historiese gebeure beslis nie 'n droë opstapeling van feite word nie.⁴¹

Uit 'n inhoudelike vergelyking van die vier werke blyk dit dat Beinart die enigste skrywer is wat heelwat aandag aan ekonomiese en sosiale geskiedenis gee⁴² en wie se werk nie as 'n hoofsaaklik politieke geskiedenis bestempel kan word nie.⁴³ Krüger skryf byna uitsluitlik oor gebeurtenisse wat direk met die politieke ontwikkeling van die land verband hou.⁴⁴ Daar word wel in enkele bladsye aan

³⁹ Die titels is: *The Union at war, 1939-1945*; *The rising tide of colour and the fall of Smuts, 1945-1948*; *Stemming the tide, 1948-1952*; *The policy of expedience, 1952-1956*; *The era of Strijdom, 1956-1958*; *The man and the moment, 1958-1961*.

⁴⁰ Die twee relevante hoofstukke deur Krüger in Van der Walt, Wiid en Geyer, **Geskiedenis van Suid-Afrika** (tweede uitgawe), naamlik "Die bewind van die Verenigde Party, 1934-1948" en "Die triomf van nasionalisme en die totstandkoming van die republiek, 1948-1961", bevat ook geen onderafdelings nie, maar wel kantlynopskrifte by elke paragraaf.

⁴¹ Resensente van **The age of the generals** en **The making of a nation** toon dan ook groot waardering vir Krüger se skryfstyl en taalgebruik. Vgl. MCE van Schoor, "Suid-Afrikaanse kroniek 1958", **Bijdragen voor de geschiedenis der Nederlanden** 14, 1960, p. 262; Geysers, p. 339.

⁴² Beinart behandel hoofsaaklik net die ekonomiese en sosiale ontwikkeling van die swart bevolking. In Liebenberg en Spies is daar wel enkele afdelings waarin ekonomiese en maatskaplike ontwikkelinge behandel word, en daar word wat die periode 1939-1961 betref, meer aandag aan ekonomiese en maatskaplike ontwikkelinge gegee as in die werke van Krüger en Davenport en Saunders, maar die klem val, wat die periode as geheel betref, tog nog baie sterk op politieke geskiedenis.

⁴³ Ten opsigte van die Tweede Wêreldoorlog gee al die skrywers, behalwe Beinart, ook aandag aan militêre ontwikkelinge, maar die gedeeltes wat as militêre geskiedenis bestempel kan word, is baie beknopt. In die volgende afdeling word meer spesifiek aandag gegee aan Krüger se behandeling van die Tweede Wêreldoorlog.

⁴⁴ Die volle titel van die voorganger van **The making of a nation** is, soos reeds vermeld, **The age of the generals; a short political history of the Union of South Africa, 1910-1948**. Krüger het hiermee dus aangedui dat sy werk slegs oor politieke geskiedenis handel. Nadat hy die werk hersien en uitgebrei het, het hy dit egter **The making of a nation; a history of the Union of South Africa**,

ekonomiese ontwikkelinge aandag gegee,⁴⁵ maar dit is duidelik dat dit veral gedoen word omdat dit 'n direkte invloed op die politieke verwickelinge het. In geen van die vier werke word veel aandag gegee aan ontwikkelinge op die terreine van kultuur, die letterkunde, die taal en die wetenskap nie.

Wanneer die politieke gebeure en ontwikkelinge wat Krüger behandel, met dié in die ander drie werke vergelyk word, blyk dit verder dat Krüger 'n baie sterker blanksentriese benadering het as die ander skrywers. Hy gee feitlik geen aandag aan swart politieke bewegings soos die African National Congress (ANC) en die Pan Africanist Congress (PAC) nie en daar word net enkele kere kortliks na die twee organisasies verwys.⁴⁶ In die latere oorsigswerke word heelwat meer aandag aan politieke bedrywighede onder swart mense voor 1961 gegee. Skrywers oor die Suid-Afrikaanse historiografie soos Van Jaarsveld, Saunders en Smith⁴⁷ toon aan dat die sestiger- en sewentigerjare 'n belangrike verskuiwing in perspektief op die Suid-Afrikaanse geskiedenis gebring het, waarby die geskiedenis van die blankes in Suid-Afrika van die sentrum na die periferie verdring is en daar meer direk op die rol van die swart mense in die geskiedenis van Suid-Afrika gefokus is. Wat die drie resente oorsigswerke oor die twintigste-eeuse geskiedenis betref, kan egter slegs die benadering van Beinart as swartsentriestempel word. In die ander twee werke word gepoog om die verhouding tussen die verskillende bevolkingsgroepe so te behandel dat die beeld wat hulle van die geskiedenis bied nie as 'n swart óf 'n blanke perspektief beskou kan word nie.

Krüger se behandeling van drie belangrike temas in die periode 1939-1961, naamlik die Tweede Wêreldoorlog, die toepassing van die apartheidsbeleid en republiekwording, word vervolgens nader bekyk.

5. DIE TWEDE WÊRELDOORLOG

Die Tweede Wêreldoorlog, wat vandag deur historici van oor die hele wêreld gesien word as een van die vernaamste gebeurtenisse in die resente wêreldgeskiedenis, het Suid-Afrika ook diep geraak. Krüger wy 26 bladsye in sy **The making of a nation** aan die tydperk 1939-1945, waartydens Suid-Afrika by die oorlog betrokke was. Van die latere oorsigswerke is dit slegs Liebenberg en Spies

1910-1961 genoem en daar sou dus verwag kon word dat nie net oor politieke geskiedenis gehandel word nie.

⁴⁵ Krüger, **The making of a nation**, pp. 218-9, 266, 300-1, 307-8. Die hoofstukke in **Geskiedenis van Suid-Afrika** bevat ook net enkele kort gedeeltes oor ekonomiese sake. Vgl. Krüger, "Die bewind van die Verenigde Party, 1934-1948", p. 553, en Krüger, "Die triomf van nasionale nasionalisme en die totstandkoming van die republiek, 1949-1961", pp. 561-2.

⁴⁶ Krüger, **The making of a nation**, pp. 270, 308, 324, 326.

⁴⁷ FA van Jaarsveld, **Omstrede Suid-Afrikaanse verlede; geskiedenisideologie en die historiese skuldvraagstuk** (Johannesburg, 1984); C Saunders, **The making of the South African past; major historians on race and class** (Kaapstad, 1988); Smith, **The changing past**.

wat ongeveer ewe veel aandag aan hierdie periode gee en 'n vergelyking met hierdie werk behoort daarom veral verhelderend te wees.⁴⁸

Anders as die latere skrywers bied Krüger 'n sterk kronologiese behandeling. AM Grundlingh, skrywer van die betrokke hoofstukke in die werk van Liebenberg en Spies,⁴⁹ hanteer in afsonderlike afdelings die binne- en buiteparlementêre politiek gedurende die oorlogsjare, die rol van blanke Suid-Afrikaanse soldate in die oorlog, die betrokkenheid van swart mense by die Suid-Afrikaanse oorlogsdeelname, die maatskaplike en ekonomiese gevolge van die oorlog, en politieke bedrywighede onder swart mense in die betrokke periode. 'n Vergelyking tussen Krüger en Grundlingh se oorsigte toon dat die wyse waarop Krüger die stof behandel voor- en nadele het. Grundlingh bied byvoorbeeld 'n duidelike geheelbeeld van die betrokkenheid van Suid-Afrikaanse soldate in die oorlog, terwyl Krüger se behandeling meer fragmentaries is, maar Krüger lê telkens verbande tussen die ontwikkelinge op die gevegsfronte en die interne politieke woelinge. Hy beskryf byvoorbeeld die groot terugslag wat Suid-Afrikaanse militêre prestige na die val van Tobruk in Junie 1942 ervaar het en toon dan dat dit binnelands die oorlogsondersteuners meer vasberade en sterker gekant teen die optrede van die anti-oorlogsgesindes gemaak het.⁵⁰

'n Vergelyking van die twee werke toon verder dat Krüger aan bepaalde belangrike aspekte min of geen aandag gee nie. Daar is byvoorbeeld net een kort verwysing na die betrokkenheid van swart mense by die oorlog⁵¹ en geen omvattende behandeling van die ekonomiese en maatskaplike gevolge van die oorlog nie, hoewel sommige van die sake wat Grundlingh bespreek wel in Krüger se oorsig aangeraak word.⁵²

As die paragrawe van Krüger oor die blanke Suid-Afrikaners se deelname aan die oorlog met dié van Grundlingh vergelyk word, is daar nie werklik belangrike verskille nie. Grundlingh wys tereg daarop dat ekonomiese faktore 'n belangrike

⁴⁸ Die veel beknopter behandeling deur Davenport en Saunders, pp. 344-56, word wel in ag geneem, en daar word verder in die afdeling ook na hierdie werk verwys. Beinart bevat net enkele paragrawe (veral p. 131) wat spesifiek op hierdie tydperk betrekking het.

⁴⁹ AM Grundlingh, "Part 3: 1934-1948" in Liebenberg en Spies, pp. 267-319.

⁵⁰ Krüger, *The making of a nation*, pp. 210-1.

⁵¹ *Ibid.*, p. 205.

⁵² Krüger dui bv. ook aan hoedat die oorlog ekonomiese opbloei bevorder het; Krüger, *The making of a nation*, p. 219. Ook Davenport en Saunders, *South Africa; a modern history*, p. 345, wys hierop. In laasgenoemde werk word, in teenstelling met Krüger, heelwat aandag aan die betrokkenheid van swart mense by die oorlog gegee.

bydrae daartoe gelewer het dat so baie Suid-Afrikaners graag diens in die oorlog wou verrig,⁵³ iets wat Krüger nie na vore bring nie.

Krüger se behandeling van die politieke woelinge gedurende die oorlogsjare is heelwat uitgebreider as dié in die latere oorsigswerke. Sy interpretasie van die gebeure verskil egter nie weselik van die ander skrywers nie. Soos Grundlingh, in sy latere oorsig, meen Krüger byvoorbeeld dat die sterk afname in steun vir die Ossewa-Brandwag (OB) en ander organisasies met 'n Nasionaal-Sosialistiese inslag vanaf 1942 veral die gevolg daarvan was dat dit duidelik begin word het dat Duitsland nie die oorlog sou wen nie.⁵⁴ Soos die ander skrywers dui hy aan dat die breuk tussen die Nasionale Party (NP) en die OB ook 'n deurslaggewende rol gespeel het in die verswakking van die OB. "Great principles were involved" in die stryd tussen die twee partye, aldus Krüger; die NP-leier, DF Malan, en sy volgelinge "swore by parliamentary democracy after they had temporarily and gently toyed with the new ideas".⁵⁵ Grundlingh, Davenport en Saunders en latere skrywers meen egter dat die stryd tussen die twee organisasies eerder 'n magstryd as 'n stryd om beginsels was.⁵⁶ Die faktore wat daartoe gelei het dat die Verenigde Party in 1943 'n groot verkiesingsoorwinning behaal het, soos deur Krüger vermeld, kom baie sterk ooreen met dié wat Grundlingh aandui.⁵⁷

Genl. JC Smuts, eerste minister en opperbevelhebber van die Suid-Afrikaanse krygsmag, het 'n belangrike rol in hierdie periode gespeel. Krüger oordeel baie gunstig oor sy optrede in die oorlogsjare. Hy bestempel dit as 'n persoonlike triomf vir Smuts dat 'n goed toegeruste leër so gou op die been gebring kon word⁵⁸ en sê: "(H)e saw his country safely through the war and gained the admiration of his followers and the respect of his opponents."⁵⁹ Ook meen hy dat Smuts op die tuisfront baie wys gehandel het deur nie te sterk teen die anti-oorlogsgesindes op te tree nie; "(he) gave the opposition scope to break itself".⁶⁰ Die latere skrywers wei veel minder uit oor Smuts se optrede. Davenport en Saunders verwys wel positief na Smuts se hantering van die teenstanders van sy oorlogsbeleid⁶¹ en Grundlingh gee Smuts krediet vir die effektiewe wyse waarop die leër vir die oorlog voorberei

⁵³ Grundlingh, p. 286.

⁵⁴ Krüger, **The making of a nation**, p. 215.

⁵⁵ **Ibid.**, p. 213.

⁵⁶ Grundlingh, pp. 273-5; Davenport en Saunders, pp. 349-53. Vgl. ook LM Fourie, *Die Ossewa-Brandwag en Afrikanereenheid, 1939-1942* (ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, PU vir CHO, 1987) en P Furlong, **Between crown and swartika: the impact of the radical right on the Afrikaner nationalist movement in the fascist era** (Middletown, Conn., 1991).

⁵⁷ Krüger, **The making of a nation**, pp. 215-6; Grundlingh, pp. 280-1.

⁵⁸ Krüger, **The making of a nation**, p. 204.

⁵⁹ **Ibid.**, p. 199.

⁶⁰ **Ibid.**

⁶¹ Davenport en Saunders, p. 345.

is.⁶² Grundlingh, anders as Krüger, kritiseer Smuts omdat hy nie genoeg begrip gehad het vir die waarde wat die Afrikaners aan hul kulturele identiteit geheg het nie en nie veel aandag aan partypolitieke sake gegee het nie; hierdie dinge het uiteindelik bygedra tot sy verkiesingsneerlaag in 1948.⁶³

'n Vergelyking met latere oorsigte toon dus dat Krüger se hoofstuk oor die Tweede Wêreldoorlog bepaalde leemtes bevat, veral wat betref die rol van swart mense in die oorlog en hulle deelname aan politieke bedrywighede. Aan die ander kant lyk dit vandag of hy onnodig baie aandag gee aan die optrede van politieke partye en aan parlementêre debatte. Wat interpretasies en gevolgtrekkings ten opsigte van kernsake betref, is Krüger se oorsig, wat nie veel meer as 'n dekade na afloop van die oorlog geskryf is nie, nog grotendeels betroubaar. Hoewel in sekere opsigte verouderd, gee Krüger se werk steeds 'n goeie beeld van Suid-Afrika se betrokkenheid by die Tweede Wêreldoorlog en van die politieke ontwikkelings in Suid-Afrika gedurende die oorlogsjare.

6. DIE TOEPASSING VAN DIE APARTHEIDSBELEID VAN 1948 TOT 1961

Die periode 1948 tot 1961 in die Suid-Afrikaanse geskiedenis word vandag veral geassosieer met die instelling en uitbouing van die apartheidsbeleid deur die NP-regering. Ongeveer honderd bladsye in **The making of a nation** (dus byna 'n derde van die boek) handel oor hierdie periode.⁶⁴ Krüger gee, soos in die vorige hoofstukke, hoofsaaklik 'n kronologiese oorsig van gebeure, waarvan meer as die helfte handel oor kwessies rakende die apartheidsbeleid. In die latere oorsigwerke word in 'n nog groter mate op die implementering van apartheid gekonsentreer. DM Scher, outeur van die betrokke hoofstukke in Liebenberg en Spies, behandel hierdie onderwerp ten minste net so omvattend as Krüger, en ook Davenport en Saunders en Beinart gee heelwat aandag aan hierdie tema.⁶⁵

Krüger se behandeling van die deurvoering en toepassing van die verskillende apartheidswette, en van verwante sake soos die verslag van die Tomlinson-kommissie en die binne- en buitelandse kritiek op die apartheidsmaatreëls is, soos ook dié van die resente skrywers, hoofsaaklik beskrywend van aard en in hierdie opsig is daar geen ingrypende verskille tussen die verskillende weergawes nie. Hier

⁶² Grundlingh, p. 285.

⁶³ **Ibid.**, pp. 277, 280. Krüger (**The making of a nation**, p. 234) skryf, in sy behandeling van die aanloep tot die 1948-verkiesing, wel die volgende oor Smuts: "(T)he adulation of an admiring and ignorant world blinded his good political sense and contributed to his ruin."

⁶⁴ Krüger, **The making of a nation**, pp. 237-336.

⁶⁵ DM Scher, "Part 4: 1948-1966" in Liebenberg en Spies, veral pp. 321-98; Davenport en Saunders, veral pp. 377-417; Beinart, veral pp. 137-62.

en daar beoordeel hy ook die regering se optrede, en in hierdie afdeing word hoofsaaklik gefokus op Krüger se beoordeling van die apartheidsbeleid en die apartheidsmaatreëls wat voor 1961 geïmplementeer is.

Krüger bespreek kortliks die teorie van apartheid soos die NP, en meer spesifiek DF Malan, eerste minister van 1948 tot 1954, dit uitgespel het en beklemtoon dit dat Malan die verdrukking en uitbuiting van die swart bevolking verwerp het as onversoenbaar met die Afrikaner se Christelike lewensbeskouing.⁶⁶ Krüger meen egter dat, niteenstaande die positiewe beeld wat die party van apartheid voorgehou het, die swakheid van die beleid in die implementering daarvan gelê het. In die beginjare, veral, het die klem op die negatiewe kant geval: "In the general attempt to enforce racial separation political and residential rights would be denied to the non-whites. The government would in this respect take much and give little in return."⁶⁷

Krüger meen dat Malan se opvolger, JG Strijdom, se uitsprake oor baasskap en sy beklemtoning van die noodsaaklikheid dat die blanke 'n meerdere posisie teenoor die swart inwoners behou, 'n baie ongelukkige indruk gemaak het, en assosiasies met Hitler se rasse-idees opgewek het wat deur teenstanders van apartheid uitgebuit kon word.⁶⁸

Hy behandel die verskillende apartheidswette wat tydens Malan en Strijdom se termyn as premier deurgevoer is sonder veel kommentaar. Oor die Wet op Bantoeowerhede van 1951 merk hy op dat daarin vir die eerste keer die beginsel van selfregering vir die swart mense beliggaam is, hoewel hierdie selfregering in die praktyk maar onvolkome en beperk was.⁶⁹ In 1954 is maatreëls deurgevoer om die toestroming van swart mense na die stede te beperk. Krüger wys daarop dat die wette nie die toevloei na die stede kon keer nie en meen dat hierdie probleem apartheid se Achilleshiel was.⁷⁰

In 1957 is 'n wetsontwerp voor die parlement gelê wat 'n klousule bevat het waarvolgens rassesseiding in kerkdienste afgedwing kon word. Dit het, soos Krüger aandui, tot groot openbare rotes gelei wat uiteindelik uitgeloop het op 'n wysiging in die wetsontwerp waardeur die minister gemagtig is om in sekere gevalle swart mense se bywoning van kerkdienste te verbied. Krüger meen dat selfs

⁶⁶ Hierdie siening kom in hoofsaak ooreen met dié van HB Thom, **D.F. Malan** (Kaapstad, 1980), pp. 272-87.

⁶⁷ Krüger, **The making of a nation**, p. 241.

⁶⁸ **Ibid.**, p. 290. In die latere oorsigswerke word feitlik nie na Strijdom se uitsprake in hierdie verband verwys nie.

⁶⁹ **Ibid.**, p. 262.

⁷⁰ **Ibid.**, p. 286.

die gewysigde wetsbepaling 'n onverstandige maatreël was wat verset van kerke uitgelok het; die hele saak was 'n voorbeeld van administratiewe knoeiwerk.⁷¹

Krüger gee heelwat aandag aan al die verwickelinge insake die pogings van die NP-regering om diegene onder die kleurlingbevolking wat stemreg gehad het van die gemeenskaplike kieserslys te verwyder en op 'n aparte lys te plaas. Die regering se pogings om uitsprake van die Appélhof te omseil deur die instelling van 'n Hoë Hof van die Parlement bestempel hy as "unusual tactics of doubtful legality".⁷² In sy behandeling van die regering se maatreëls om die Senaat te vergroot, wat uiteindelik daartoe gelei het dat die doel bereik is om die kleurlinge van die gemeenskaplike kieserslys te skrap, wys hy daarop dat heelwat ondersteuners van die Nasionale Party nie gelukkig was oor hierdie optrede nie; dit was "such a doubtful innovation that many people were afraid that it would be misused".⁷³ Met die Appélhofuitspraak van 1956, waarin die wettigheid van die regering se optrede bekragtig is, het, so verklaar Krüger, 'n einde geom aan "a painful chapter in the history of South Africa".⁷⁴

Die laaste hoofstuk van **The making of a nation** handel oor die periode van HF Verwoerd se premierskap tot 1961 en Krüger gee daarin onder meer 'n uiteensetting van Verwoerd se beskouing van apartheid of afsonderlike ontwikkeling. Hy meen dat Verwoerd beslis meer sistematies en doelgerig as sy voorgangers te werk gegaan het om die beleid toe te pas. Die ontwikkeling van die tuislande en verlening van groter selfbestuur aan hierdie gebiede was (volgens Krüger) vir Verwoerd van primêre belang, omdat hy gemeen het dat die gee van politieke mag aan swart mense, al is dit in beperkte gebiede, die beste wyse was om buitelandse besware teen die apartheidsbeleid uit die weg te ruim.⁷⁵ Wat die apartheidsmaatreëls, wat in die jare 1958-1961 deurgevoer is, betref, lewer Krüger hoofsaaklik positiewe kommentaar. Hy meen byvoorbeeld dat die instelling van aparte universiteitskolleges vir swart mense, kleurlinge en Indiërs, hoewel dit baie kritiek ontlok het, gesien kan word as 'n opregte poging om hoër onderwys na die verskillende bevolkingsgroepe uit te brei en dat dit geblyk het dat hierdie inrigtings 'n belangrike bydrae kon lewer om aan die kulturele en akademiese behoeftes van hierdie groepe te voldoen.⁷⁶

⁷¹ **Ibid.**, p. 310. Hierdie kwessie word kortliks behandel deur Davenport en Saunders, pp. 397-8, maar Scher en Beinart verwys nie daarna nie.

⁷² **Ibid.**, p. 269.

⁷³ **Ibid.**, p. 293.

⁷⁴ **Ibid.**, p. 294.

⁷⁵ **Ibid.**, pp. 315-6. Vgl. Scher, p. 356. Scher stel dit duideliker as Krüger dat Verwoerd se beleid nie net daarop gemik was om buitelandse kritiek teen te gaan nie, maar ook om 'n oplossing vir die rassevraagstuk te vind.

⁷⁶ **Ibid.**, p. 321. Die kommentaar van Scher, pp. 363-4 en Davenport en Saunders, p. 398, ten opsigte van hierdie saak is, daarenteen, sterk negatief.

In die laaste bladsye van die boek maak Krüger enkele gevolgtrekkinge oor die apartheidsbeleid. Hy meen dat die regering teen 1960 beslis nog nie die rasseprobleem opgelos het nie, maar dat "very much had been achieved to improve the lot of the non-white people". Baie van die maatreëls wat vanaf 1948 deurgevoer is, was veral beperkend ten opsigte van die swart en gekleurde bevolking en daarop ingestel om blankes te bevoordeel, maar, "nearly obscured by the avalanche of negative legislation", was daar tog ook wette wat die swart mense en kleurlinge bevoordeel het. In die vooruitgang wat daar gemaak is ten opsigte van skole, behuising, gesondheid, maatskaplike dienste en selfregering in die tuislande, kom die "enlightened aspects of apartheid" na vore. Krüger wys daarop dat apartheid nie kontak tussen blank en swart verminder het nie, maar aan die ander kant het toenemende verwestering van die swart mense nie noodwendig uitwissing van die rassegrense bevorder nie, aangesien swart mense, volgens hom, hul eie rasseidentiteit wou behou. Krüger meen dat die vraag of daar 'n eie nasional identiteit onder hulle sal ontwikkel, eers verder in die toekoms beantwoord sal kan word.⁷⁷ Laasgenoemde opmerking dui daarop dat Krüger die invloed van swart nasionalisme in Suid-Afrika voor 1961 onderskat het. Soos reeds vroeër gemeld, gee hy min aandag aan politieke ontwikkelinge onder die swart mense en ook in die hoofstukke oor die periode na 1948 is daar slegs kort verwysings na die optrede van swart politieke bewegings.

Hoewel Krüger nie direk verklaar dat die verdere uitbouing van die apartheidsbeleid voordeing vir Suid-Afrika behoort te wees nie, is sy beskouing van apartheid in 1969 beslis positiewer as in 1958, toe hy **The age of the generals** afgesluit het met die opmerking dat die instelling van die apartheidsbeleid gesien moet word as "the last desperate attempt of Afrikanerdom to stem the rising tide of colour".⁷⁸ Soos G Allen tereg opmerk,⁷⁹ het die ekonomiese en kulturele bloeityd van die laat sestigerjare in Suid-Afrika en spesifiek onder die Afrikanerdom, waarskynlik daartoe bygedra dat Krüger in **The making of a nation** 'n optimistiese siening oor die toekoms van die land en van apartheid toon.

'n Vergelyking van Krüger se oorsig met dié van Scher toon dat laasgenoemde veral 'n nêr sistematiese behandeling bied. Scher wy byvoorbeeld 'n aparte afdeling aan die verwydering van die bruin mense van die gemeenskaplike kieserslys, terwyl die behandeling van hierdie kwessie in Krüger se boek oor drie hoofstukke versprei is. Wat die verskillende apartheidsmaatreëls betref, is Scher se bespreking nie juis volledig nie, maar hy (soos ook Beinart en Davenport en Saunders) gee

⁷⁷ **Ibid.**, pp. 332-3.

⁷⁸ Krüger, **The age of the generals**, p. 226.

⁷⁹ G Allen, "The volkscustodian and the professor", **Historia** 47(2), November 2002, p. 402.

veel meer aandag aan swart verset teen apartheid. Krüger wy byvoorbeeld net enkele bladsye aan die rasse-onrus in Durban gedurende 1949, die probleme in Port Elizabeth in 1952 en die onluste van 1960 in Sharpeville en ander swart woongebiede,⁸⁰ sake wat baie deegliker deur Scher behandel word. Aan die ander kant verskaf Krüger weer mee besonderhede oor blanke rotes teen apartheid en oor kritiek in Afrikanergeleedere⁸¹ as wat in enige van die resente oorsigswerke voorkom. 'n Vergelyking van die kommentaar wat Krüger op die apartheidsbeleid en besondere apartheidsmaatreëls lewer met dié van latere skrywers van oorsigswerke, toon dat Krüger in die algemeen meer gematig is in sy kritiek. So 'n vergelyking word bemoeilik deur diefeit dat die latere skrywers se oorsig nie in 1961 eindig nie en hul ook latere ontwikkelinge in ag neem. Scher verwys na die vyftiger- en sestigerjare as "wasted years" wat die land later duur te staan sou kom,⁸² terwyl Davenport en Saunders Verwoerd se apartheidsbeskouing as 'n ideologie bestempel wat ten doel gehad het om 'n Afrikaner-droomstaat te skep.⁸³ Vandag is dit duidelik dat die apartheidsbeleid misluk het en dit het noodwendig 'n invloed op resente interpretasies. Krüger se werk het verskyn in 'n tydperk toe baie mense, ook in die buiteland, gedink het dat 'n beleid van ontwikkeling van die tuislande en 'n uiteindelijke verdeling van Suid-Afrika in verskillende state dalk sou kon slaag. Krüger toon wel sy bedenkinge, deur, soos reeds gemeld, daarop te wys dat swart verstedeliking 'n proses was wat moeilik gestuit sou kon word, maar, skrywende vanuit sy tydsraamwerk en vanuit sy besondere agtergrond as blanke Afrikaner en Suid-Afrikaner, het hy nie voorsien dat die stelsel op mislukking moes uitloop nie.

Die debat onder historici oor die kenmerke en invloed van die apartheidstelsel is geensins verby nie en sal moontlik nog lank voortduur. Dit is byvoorbeeld geen uitgemaakte saak dat 'n beleid om Suid-Afrika in verskillende state te verdeel met die oog op aparte ontwikkeling van veral die swart mense en die blanke inwoners van die begin af tot mislukking gedoem was nie. Daarom behoort daar ten minste begrip te wees daarvoor dat dit teen 1969 vir sommige wetenskaplikes nog moontlik gelyk het dat die idee van die ontwikkeling van die tuislande tot selfstandige state kon uitloop op 'n geografiese verdeling van Suid-Afrika in (hoofsaaklik) blanke en (hoofsaaklik) swart gebiede. Verder moet dit in gedagte gehou word dat ons tans leef in 'n tyd waar dit nie polities korrek is om positiewe aspekte in die apartheidstelsel te probeer aantoon nie⁸⁴ en dat hierdie faktor waar-

⁸⁰ Krüger, *The making of a nation*, p. 256, 271,324-6.

⁸¹ *Ibid.*, pp. 264, 273, 290, 292, 309-10.

⁸² Scher, p. 418.

⁸³ Davenport en Saunders, pp. 391-2, 398.

⁸⁴ Dit blyk onder meer uit die voorwoord tot Davenport en Saunders, deur Desmond Tutu, emeritus-aartsbiskop van Kaapstad. Hy verklaar onder meer: "It is right to point out the good things that the Nationalist Governments did so as to have a rounded picture. But I have to say ultimately it is irrelevant whether racism or apartheid sometimes produced good results. Because the tree was bad the fruit also had to be bad. For me this is an article of faith."

skynlik 'n invloed op resente werke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis het. Anders as Krüger weerhou die latere skrywers hulle dan ook hoofsaaklik daarvan om moontlike positiewe aspekte in die apartheidsbeleid aan te dui.⁸⁵ Uit hul beskouing van apartheid kan dus nie sonder meer afgelei word dat Krüger gefouteer het in sy positiewe beoordeling van bepaalde aspekte van apartheid nie.

Soos in die paragrafe hierbo aangetoon is, was Krüger beslis nie 'n apologet vir apartheid nie en het hy 'n negatiewe oordeel gevel oor verskeie apartheidsmaatreëls. Sy kritiek was egter nie so verdoemend soos dié van skrywers van resente oorsigswerke nie en hy het nie die beleid in sy geheel as 'n negatiewe ontwikkeling gesien nie.⁸⁶ Hieruit blyk die beperkinge van die tyd en omgewing waarin hy geskryf het, maar dit beteken nie noodwendig dat Krüger se behandeling van hierdie tema meer gebrekkig is as dié van die latere skrywers, wat skryf vanuit die beperkinge van die huidige tydsgewrig nie. Soos aangedui, gee hy min aandag aan die verset teen apartheid onder die swart bevolking, maar verder is dit nog steeds 'n bruikbare oorsig wat, veral as dit saam met meer resente tekste bestudeer word, van waarde is om 'n geheelbeeld van hierdie periode te vorm.

7. REPUBLIEKWORDING IN 1961

Dit was 'n groot ideaal van Afrikanernasionaliste vanaf die vroeë twintigste eeu om 'n republikeinse staatsbestel in Suid-Afrika te vestig. Hierdie ideaal is in 1961 bereik. Dit kan daarom insiggewend wees om Krüger, as 'n Afrikaanse historikus wat minder as 'n dekade na republiekwording hieroor skryf, se weergawe van hierdie gebeure te bekijk en met dié van latere skrywers te vergelyk.

In die hoofstukke oor die periode 1948-1961 van **The making of a nation** is daar verskeie verwysings na die republikeinse kwessie, wat saam nie meer as enkele bladsye beslaan nie, en Krüger se behandeling van die onderwerp is nie so uitgebreid as dié van Scher nie.⁸⁷ Hy gee meer aandag as Scher aan Malan en

⁸⁵ Beinart, p. 154, wys die groot toename in voorsiening van onderwys aan swart mense gedurende die sestigerjare tog as 'n positiewe ontwikkeling uit.

⁸⁶ Soos in afdeling 4 hierbo aangedui, kom al Krüger se kritiekpunte ten opsigte van die apartheidsmaatreëls in **The making of a nation** nie voor in die veel korter Afrikaanse behandeling van die tema, nl. Krüger, "Die triomf van nasionalisme en die totstandkoming van die republiek, 1948-1961", nie. Daar word wel opmerkings gemaak soos dat die uiteindelijke verwydering van die bruin mense van die kieserslys deur middel van 'n vergrote senaat "nie die algehele goedkeuring van regeringsondersteuners weggedra het nie" (p. 587), maar die (nog) meer beskrywende aard van hierdie hoofstuk as van die betrokke gedeeltes in **The making of a nation**, wek die indruk van 'n minder kritiese houding teenoor die apartheidsbeleid.

⁸⁷ Ook Suid-Afrika se onttrekking aan die Britse Statebond, wat met die republiekwording gepaard gegaan het, word net kortliks deur Krüger aange raak en baie deegliker deur Scher bespreek. Vgl. Scher, pp. 364-76. Davenport en Saunders en Beinart gee weinig aandag aan die hele onderwerp van republiekwording.

Strijdom se beleid in hierdie verband, hoewel sy siening dat Malan nooit sterk republikeinsgesind was nie en die totstandkoming van 'n republiek veral voorgestaan het om die steun van Strijdom en die Nasionale Party-ondersteuners in die noordelike provinsies te behou, nie ooreenstem met dié van Malan se vernaamse biograaf nie.⁸⁸ Scher wys daarop dat Verwoerd gedurende die Tweede Wêreldoorlog 'n republiek op die model van die ou Boererepublieke voorgestaan het, maar as politieke realis besef het dat hierdie ideaal nie meer haalbaar was nie.⁸⁹ Krüger gaan nie in op die ontwikkeling van Verwoerd se republikeinse visie nie, maar wys (anders as Scher) wel daarop dat baie Afrikaners geglo het dat, na die positiewe uitslag van die referendum van 1960, die republikeinse stelsel wat voor 1902 in die Boererepublieke bestaan het, herstel sou word en dat hulle teleurgesteld was met die aard van die republiek wat in 1961 tot stand gekom het.⁹⁰

Scher toon tereg aan dat maar min Engelssprekende blankes in die referendum vir republiekwording gestem het.⁹¹ Krüger meld net dat daar wel Engelssprekendes was wat ten gunste van die republiek was en meen dat hulle, veral omdat hulle besef het dat die Britse Ryk eintlik nie meer bestaan het nie, hul nou meer met Suid-Afrika begin identifiseer het. In die laaste paragraaf van **The making of a nation** verklaar hy dat die republiekwording van 1961 simbolies van die eenwording van blanke Suid-Afrika was: "White South Africa had at last achieved a national solidarity which was based not so much on a common heritage as on the expectation of a common future, cemented by a common loyalty and patriotism as well as mutual respect."⁹²

Hierdie woorde kan gesien word as 'n gepaste afsluiting van 'n boek waarin, soos uit die titel blyk, die verhouding tussen blanke Afrikaans- en Engelssprekendes in Suid-Afrika, 'n hooftema is. Dit is egter nie korrek om aan te neem dat die verskille tussen Afrikaans- en Engelssprekendes teen 1961 reeds heeltemal oorbrug was nie.⁹³ Krüger het tog besef dat die ou verskille tussen Afrikaans- en Engels-sprekendes in die lig van die rasseprobleme minder relevant geword het en, soos algemeen bekend, het Engelssprekendes hulle in die sewentiger- en tagtigerjare in 'n toenemende mate agter die NP-regering geskaar. Krüger se volk of nasie, waarna die titel verwys, sluit dus net blanke Suid-Afrikaners in. Hy laat hom nie uit oor die

⁸⁸ Krüger, **The making of a nation**, pp. 287-8. Thom, pp. 18-21, meen dat Malan steeds 'n oortuigde republikein was en verwerp die beskouing dat Malan nie so sterk republikeinsgesind was as Strijdom en ander leiers nie.

⁸⁹ Scher, pp. 364-5.

⁹⁰ Krüger, **The making of a nation**, pp. 329, 331.

⁹¹ Scher, p. 371.

⁹² Krüger, **The making of a nation**, p. 335. Daar is geen ekwivalent vir hierdie opmerking in Krüger, "Die triomf van nasionalisme en die totstandkoming van die republiek, 1948-1961" nie. Ten spyte van die titel bevat die hoofstuk net enkele paragrawe oor republiekwording.

⁹³ Vgl. Scher, pp. 364-76, wat onder meer die verset teen 'n republiek in Natal behandel.

feit dat die eenheid van hierdie nasie eerder 'n rasse- as 'n kultuureenheid was en dat die bruin mense, met 'n oorwegend Afrikaanse taal en kultuur, daarvan uitgesluit was nie. Dit toon weer eens dat hy die geskiedenis hoofsaaklik vanuit 'n blanke gesigspunt beskou.⁹⁴

8. SLOTBESKOUING

Krüger se behandeling van eietydse geskiedenis, soos dit veral in **The making of a nation** na vore kom, is beslis nie sonder gebreke nie. Daar is in hierdie artikel telkens verwys na die sterk kronologiese aard van Krüger se behandeling, wat meebring dat daar nie 'n geheelbeeld oor besondere temas en ontwikkelinge verskaf word nie. Hierdie gebrek moet gesien word in die lig daarvan dat dit baie moeilik is om die hooflyne van ontwikkeling raak te sien as 'n mens naby aan die gebeure staan; dit gaan hier dus om 'n algemene probleem van eietydse geskiedenis-beoefening.⁹⁵ Hierdie probleem hang ook saam met die feit dat Krüger se werk 'n voorbeeld van verhalende eerder as ontledende geskiedkrywing is. Dit kan op sigself nie as 'n beswaar teen Krüger se werk ingebring word nie. Baie oorsigswerke, soos byvoorbeeld dié van Davenport en Saunders, is hoofsaaklik verhalend van aard. Trouens, werke wat, soos dié van Krüger en Davenport en Saunders, veral op politieke geskiedenis fokus, het meesal 'n verhalende karakter. Die feit dat Krüger se werk 'n politieke geskiedenis is, en daarom nie werklik 'n geheeloorsig van die Suid-Afrikaanse geskiedenis van 1910-1961 bied nie, is 'n probleem wat, soos in afdeling 4 hierbo genoem, ook by resente oorsigswerke oor hierdie periode voorkom. 'n Baie groot beswaar is dat die geskiedenis van die blanke inwoners van die land in die sentrum staan en daar min aandag aan die geskiedenis van ander bevolkingsgroepe gegee word. Hierdie gebrek moet, soos hierbo aangedui, gesien word teen die agtergrond dat 'n blanksentriese benadering tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis voor 1970 onder die meeste Afrikaans- en Engelstalige historici voorgekom het.

Krüger se werk het egter ook belangrike verdienstes. Dit dra die stempel van 'n wetenskaplike historikus wat, ten spyte van die feit dat hy midde in die gebeure van sy tyd staan, die nodige afstand behou en met 'n groot mate van objektiwiteit kan beoordeel.⁹⁶ Hy het beslis aan die gevaar ontsnap waarop in die inleiding gewys is, naamlik dat sy werk as propagandisties en geskryf om die belange van 'n bepaalde

⁹⁴ Krüger maak dan ook nie melding van die protesbeweging onder swart mense teen republiekwording nie. Vgl. Scher, pp. 375-6.

⁹⁵ Vgl. Van Schoor, pp. 88-90.

⁹⁶ Van Schoor, "Suid-Afrikaanse kroniek, 1958", p. 262, sien dit as 'n groot verdienste van **The age of the generals** dat Krüger "vry van politieke tendense en vooroordele, uitspraak oor tydgenootlike geskiedenis gee". FA van Jaarsveld verwys in 'n bespreking van dieselfde boek in **Historia** 7, 1962, p. 212, daarna as 'n "helder en onpartydige verslag".

groep te bevorder, beskou kan word. In afdeling 3, hierbo, is daarop gewys dat Krüger dit as 'n ideal vir die geskiedskrywer gestel het om eerlik en so onpartydig moontlik die verlede te begryp. Krüger se werk beantwoord grotendeels aan hierdie ideaal. Dit beteken nie dat Krüger se eie agtergrond as Afrikaner en blanke Suid-Afrikaner nie in sy werk na vore kom nie. Krüger se werk toon beslis nie 'n sterk pro-Afrikaanse ingesteldheid nie, hoewel daar moontlik meer insig in en begrip vir die Afrikaners en hul optrede voorkom as in werke wat deur nie-Afrikaners geskryf is. In **The making of a nation** openbaar Krüger hom veral as 'n historikus met 'n algemeen blanke Suid-Afrikaanse benadering. Sy werk kan dan ook gesien word as 'n bydrae om groter eenheid tussen Afrikaans- en Engelssprekendes te bewerkstellig, 'n saak wat hom na aan die hart gelê het, soos uit sy voorwoord tot die boek⁹⁷ en uit die opmerkings in afdeling 7 hierbo, afgelei kan word.⁹⁸

Krüger se werk is, soos te verwagte, in verskeie opsigte verouderd en dit is ondenkbaar dat 'n boek wat vanuit so 'n sterk blanke perspektief geskryf is vandag as universiteitshandboek gebruik kan word. Tog, soos uit die vorige drie afdelings blyk, bring die feit dt Krüger veel minder op studies van ander historici kon staat maak as die resente skrywers van oorsigte oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis, geensins mee dat sy werk as onbetroubaar en onbruikbaar afgeskryf behoort te word nie. Dit is eintlik verbasend dat sy weergawe van ontwikkelinge in so 'n groot mate met dié van die latere skrywers ooreenstem. Soos aangedui, gee Krüger soms inligting oor en perspektief op sake wat nie in latere oorsigswerke voorkom nie. Dit is nog die moeite werd om van sy interpretasie van bepaalde ontwikkelinge in die periode 1939-1961 kennis te neem. Saam met ander boeke kan dit dus steeds nuttig aangewend word om 'n oorsigskennis van die twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis te vorm.

Krüger toon oor die algemeen 'n goeie insig in die historiese gebeure van sy tyd en het met sy werke oor eietydse geskiedenis 'n waardevolle bydrae gelewer om studente en ander lesers in die sestiger- en sewentigerjare 'n perspektief op die ontwikkelinge van hul tyd te gee. Hy kan, veral op grond van sy eietydse geskiedskrywing, beskou word as een van die slegs enkele Afrikaanse historici wat ook 'n stewige bydrae tot die Engelstalige geskiedskrywing van Suid-Afrika gemaak het.

⁹⁷ Krüger, **The making of a nation**, p. 1.

⁹⁸ Sover vasgestel kan word, het Krüger nie verder aan hierdie tema aandag gegee in sy ander geskrifte nie. Allen, "The volkscustodian and the professor", p. 402, se siening dat Krüger "the South African nation" identifiseer met "republicanist Afrikanerdom" is, soos uit die artikel blyk, egter nie heeltemal korrek nie en laat nie reg geskied nie aan Krüger se poging om die Suid-Afrikaanse geskiedenis vanuit 'n algemene blanke perspektief eerder as 'n eng Afrikaans-nasionalistiese beskouing te beskryf.